Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Die begin van die hoofstuk gee die kenmerke van die sending van die boodskappers en profete

1. Alif, Lam, Ra. (Net Allah weet wat hierdie woorde beteken.)

Mohammed, hierdie is 'n boek wat Ons aan jou geopenbaar het ten einde jou in staat te stel om alle mense uit die verskeidenheid soorte van duisternis* van foutiewe leerstellings en verkeerde gedrag waarin hulle, hulself bevind uit te help, in die lig** van geloof en waarheid in, met die wil van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, tot op die Regte Weg van die Magtige, die Prysenswaardige, om binne die Wil van Allah te lewe, (*K33:43) (**K113:1,2 & K17:82)

2. Allah, die een aan wie behoort dit wat in die hemele en op die aarde is. Ellende wag op diegene wat nie die Koran wil glo nie omdat hulle 'n geweldige straf gaan ontvang,

3. omdat hulle hierdie aardse lewe bo die Hiernamaals verkies, en ook omdat hulle mense weerhou daarvan om die Weg van Allah te vind. Deur dit te doen keer hulle mense om binne die Wil van Allah te lewe, ook omdat hulle altyd fout soek met die Regte Weg van Allah of daarteen beswaar maak, dit beledig en dit belaster. Daardie mense is vêr afgedwaal van die Regte Weg af.

Die taal van die boodskappers en die Boodskap

4. Ons het ook nooit 'n boodskapper gestuur wat nie die taal van sy eie mense* waarheen ons hom gestuur het, gepraat het nie, juis sodat hy in staat kon wees om duidelik met hulle te kon praat sodat hulle elke woord kon verstaan.** Maar die beheer oor wie uiteindelik die Regte Weg volg en binne die Wil van Allah lewe is by Allah alleen: Allah lei dus op 'n dwaalspoor wie Hy wil en Hy lei na die Regte Weg wie Hy wil***. En Hy is die Magtige, die Wyse. (*K19:97) (**K16:35)(***K22:54)

So was Moses dan ook gestuur

5. So het Ons dan vir Moses met Ons Boodskap en Bewyse gestuur en aan hom gesê: “Bring jou mense uit die verskeidenheid van duisternis, van foutiewe leerstellings en verkeerde gedrag waarin hulle, hulself bevind uit, in die lig van geloof en waarheid in, en herinner hulle aan die dae toe Allah in die verlede sommige van die mense met Sy guns begenadig het en ander aan sy straf onderwerp het. Want waarlik daar is 'n boodskap en bewyse in hierdie gebeure vir elke mens wat geduldig en dankbaar is.

6. Toe het Moses het vir sy mense gesê: “Onthou julle hoe Allah julle geseën het toe Hy julle verlos het van die Farao se mense deur wie julle ernstig leed en pyniging aangedoen was, deurdat hulle julle seuntjies vermoor het en julle dogtertjies lewendig gelaat het? Daar was vir julle daarin 'n baie groot beproewing en toets deur julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer.”

7. En toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer verklaar het: “Indien julle so dankbaar is vir my seëninge sodat julle gehoorsaam aan My is, dan sal Ek julle nog meer seën, maar as julle ondankbaarheid duidelik word daaruit dat julle ongehoorsaam aan My is, dan is die straf, hier en in die Hiernamaals, baie erg.”

8. En toe het Moses gesê: “As julle ondankbaar is, julle en almal op die aarde, onthou net dit maak geen verskil aan Allah nie want Hy is vry van alle behoeftes, en alhoewel Hy waardig is om alle dankbaarheid en lof te ontvang, is Hy in Homself reeds geprys.”

9. Het julle dan nie gehoor van wat gebeur het met die mense wat voor julle geleef het soos Noag, Ad, Thamud en diegene na hulle nie? Hulle Profete het na hulle toe gekom met 'n duidelike boodskap en bewyse, maar hulle het hulle het op hulle manier deur middel van hulle hande gewys dat hulle nie na die boodskappers gaan luister nie en en dat die boodskappers moet ophou en gesê: “Ons verwerp die boodskap waarmee julle na ons toe gestuur is, en ons is verwarrende vertwyfeling oor dit waarheen julle ons roep.”

10. Daarop het hulle profete vir hulle gesê: “Bestaan daar dan enige twyfel oor Allah, die Skepper van die hemele en die aarde? Dit is Hy wat julle roep, sodat hy sommige van julle sondes kan vergewe en aan julle tyd kan gee vir 'n spesifieke termyn.” Maar hulle het geantwoord: “Julle is niks anders nie as mense net soos ons. Julle wil ons weerhou daarvan om ook dit wat ons voorvaders aanbid het, te aanbid. So, bring vir ons 'n duidelike bewys dat jy met die nodige gesag praat deur vir ons 'n wonderwerk van ons keuse te doen.”

11. Hulle profete het toe vir hulle gesê: “Ons is inderdaad niks meer as 'n mens soos julle nie, maar Allah begunstig van Sy diensknegte wie Hy wil. Ons kan nie vir julle enige bewyse bring sonder die toestemming van Allah nie. Gelowiges moet hulle vertroue in Allah plaas.

12. En is verkeerd met ons dat ons nie ons vertroue in Allah sou plaas nie, terwyl dit Hy is wat ons op ons weë gelei het? En ons gaan verseker die leed wat julle ons deur julle optrede en julle harde woorde aandoen, met geduld verdra. En diegene wat vertrou moet hulle vertroue in Allah plaas.

13. Toe het die ongelowiges aan hulle profete gesê: “Ons gaan julle uit ons land verban tensy julle terugkom na ons geloof toe.” So het hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe aan hulle geopenbaar: “Ons gaan verseker die oortreders vernietig,

14. en sal verseker dat julle hulle land na hulle bewoon. En dit het betrekking op almal wat 'n heilige ontsag en respek het daarvoor om voor my te moet kom staan en 'n heilige ontsag en respek het vir My waarskuwing.”

15. En hulle wat geweier het om die Enigheid van Allah te aanvaar, het na hulp en oorwinning gesoek, maar elke hardkoppige en arrogante diktator het gefaal en geëindig in algehele verlies en vernietiging.

16. Die Hel is voor hom, waar hy gedwing sal word om die sig wat uit wonde kom te drink,

17. waaraan hy moeilik sal proe en swaar sal sluk. Die dood sal van alle plekke na hom toe aankom, en tog sal hy nie sterf nie, en voor hom is daar 'n swaar straf.

18. Die dade van diegene wat nie hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo het nie is soos as wat deur die winde weggewaai word op 'n stormagtige dag. Hulle sal nie daartoe in staat wees om enigiets te baat by wat hulle gedoen het nie. Hulle het van die Regte Weg afgedwaal, met die gevolg dat hulle goeie dade nie vir beloning in aanmerking kom nie.

19. Het julle nie gesien dat Allah die hemele en die aarde gemaak het wat in volle harmonie funksioneer nie? Indien Hy wil kan Hy julle vervang met 'n nuwe skepping:

20. wat nie vir Hom moeilik sal wees om te doen nie.

21. En almal van hulle sal voor Allah verskyn. Dan sal die swakkes vir die arrogantes sê: “Ons is julle volgelinge. Kan julle ons nou net 'n bietjie verligting gee van die straf van Allah?” Dan sal hulle antwoord: “Indien Allah ons gelei het, sou ons julle gelei het. Vir ons is dit een en dieselfde of ons nou jammer voel vir onsself en of ons geduldig ons straf verdra, daar is geen uitweg nie.”

22. En die Satan sal wanneer die aangeleentheid beslis word, sê: “Allah het aan julle 'n betroubare belofte gemaak terwyl ek nie my belofte nagekom het nie. Ek het geen mag, gesag en beheer oor julle gehad nie: ek het julle maar net uitgenooi en julle het my uitnodiging aanvaar. So, moenie my blameer nie, blameer julleself. Ek kan julle nie help nie en julle kan my nie help nie. Ek wil niks te doen hê met die feit dat julle my in die verlede met Allah geassosieer het deur na my te luister nie. Waarlik daar is 'n pynlike straf vir diegene wat nie binne die Wil van Allah lewe en doen nie.”

23. Diegene egter wat geglo het en goeie dade gedoen het sal opgeneem word in tuine waaronderdeur riviere vloei, om daar vir ewig te woon, soos Allah wil. Daar sal hulle mekaar groet met: 'Salaam' Vrede. (K39:73)

24. Het julle ook nog nie gehoor van die vergelykende spreekwoord van Allah nie: “'n Goeie woord is soos 'n goeie boom, waarvan die wortels vas geanker en die takke in die lug is.

25. Dit bring te alle tye vrugte met die wil van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer daarvan.” Allah gee hierdie vergelykende spreekwoorde en verhale sodat mense daaruit kan leer.

26. En die vergelykende spreekwoord van 'n slegte woord is soos 'n slegte boom wat uit die grond uit getrek is en waarvan die wortels geen vaste anker het nie.

27. Allah hou die gelowiges vas veranker met 'n vaste woord in hierdie aardse lewe en in die Hiernamaals. En Allah laat diegene wat nie binne Sy wil lewe nie van die Regte Weg afdwaal. Allah maak wat Hy wil.

28. Het julle nie diegene gesien wat die guns van Allah verander het met hulle ongeloof nie, en wat hulle volke in die huis van vernietiging,

29. die Hel, laat beland het nie. Hulle sal dit binnegaan. En dit is 'n bose rusplek.

30. Die Ongelowiges en die Veelgodedienaars het vennote naas Allah gestel , teneinde die mense te mislei van Allah se Weg af. Sê vir hulle: “Geniet hierdie aardse bestaan vir 'n rukkie.” Daarna is julle uiteindelike reis na die Vuur.

31. Sê aan My gelowige diensknegte dat hulle Aanbidding 'n vaste instelling in hulle lewens moet maak en dat hulle die Weg van Allah finansieel, in die geheim en openlik, moet ondersteun uit dit wat Ons aan hulle gegee het, voordat daar 'n dag kom, of dit nou ouderdom en die dood is, of die Opstandingsdag en die Oordeelsdag, wanneer daar nie handel gedryf sal word om iemand instaat te stel om gou die Weg van Allah finansieel te ondersteun nie of opregte vriendskap sal wees, van iemand wat namens iemand anders sy sondelas kan dra nie: elkeen sal sy eie straf moet dra.

32. Allah is die Een wat die hemele en die aarde geskape het en wat water uit die lug afgestuur het, en vanuit die vrug vir julle, jul onderhoud voortgebring het, en wat die skepe onderhorig aan julle gestel het sodat julle in Sy opdrag die seë kan bevaar, en dit is ook Hy wat die riviere onderhorig aan julle gestel het.

33. En Hy het ook die son en die maan onderwerp vir julle sodat dit konstant beweeg, en so ook die dag en die nag,

34. en aan julle gegee wat julle ook al voor gevra het. En as julle probeer om die seëninge van Allah te tel sal julle vind dat dit onmoontlik is. Waarlik die mens is baie sondig en baie ondankbaar.

Abraham

35. Toe Abraham gesê het: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, maak hierdie stad 'n vredevolle stad, en weerhou my en my kinders van afgodsaanbidding.

36. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, die afgodsaanbidding het waarlik baie mense, mislei. So, die persoon wat my navolg is sekerlik myne, en U is Meesvergewend en Meesgenadig teenoor die een wat ongehoorsaam aan my is."

37. Onse Skepper, Voorsiener een Onderhouer, ek het huisvesting gegee aan sommige van my kinders in 'n vallei waar deur geen plantegroie is nie, na aan U geheiligte Huis, sodat hulle, onse Skepper, Voorsiener en Onfderhouer, hulle die Aanbdding daar kan instel en instandhou . So, maak dat die harte van 'n aantal mense sterk na hulle sal verlang, en voorsien hulle van vrugte sodat hulle dankbaar kan wees.

38. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, waarlik U weet wat ons wegsteek en wat ons openbaar maak. Niks, wat ook al, is vir Allah weggesteek nie, nie hier op aarde nie en ook nie in die hemele nie.

39. Alle lof kom Allah toe wat my ten spyte van my hoë ouderdom met Ismael en Isak geseën het. Waarlik my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Een wat die gebed hoor.

40. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, maak my standvastig in my Aanbidding, so ook van my kinders. En onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, verhoor my gebed.

41. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe my en my ouers en alle gelowiges op die dag waarop die afrekening sal plaasvind."

Allah weet wat die sondaars doen

42. Moet nooit dink dat Allah nie bewus is van wat diegene wat verkeerde dinge doen, doen nie. Al wat Hy doen is om aan hulle uitsteel te verleen tot op daardie dag wanneer die oë verskrik opwaarts sal staar*. (*K24:37)

Die Oordeelsdag

43. Dan sal hulle kop omhoog hardloop terwyl hulle verward staar na die afgryslikheid van dit wat hulle aanskou met leë harte as gevolg van die uitermate vrees en skok wat hulle beleef.

44. En waarsku die mense teen 'n dag wanneer straf oor hulle kom, en diegene wat verkeerd gedoen het sal sê: "Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer as U aan ons net 'n klein rukkie uitstel verleen sal ons op U uitnodiging reageer en na die boodskappers luister en doen wat hulle sê." Dan sal Allah sê: "Maar het julle dan nie voorheen gesweer dat julle nooit hierdie wêreld sal verlaat nie?"

45. En julle het in die kringe beweeg van diegene wat hulleself benadeel het, en julle het gesien hoe ons met hulle gemaak het, en ons het aan julle voorbeelde gewys."

46. En die volke van die verlede asook die ongelowiges van Arabië, het hulle planne beraam om die ware Geloof tot niet te maak en Moslems te benadeel, maar Allah het gesien wat hulle beplan, en het hulle planne laat misluk, selfs al was hulle planne so deeglik dat hulle berge daarmee sou kon verskuif. Hulle was dus net so min reggekry met hulle planne as wat hulle berge kon verskuif.

47. So, moenie dink dat Allah iets anders sal doen as wat Hy Sy boodskappers belowe het nie. Waarlik, Allah is Magtig, en die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Vergelding...

48. ...op daardie dag wanneer hierdie aarde verander gaan word in 'n ander aarde, en die hemelruimtes ook. En hulle sal almal voor Allah verskyn, die Enige, die Allesoorheersende.

49. En op daardie dag sal jy die kwaaddoeners saam vasgeketting sien,

50. hulle hemde deurdrenk met 'n hoogs vlambare olie van die palmboom en hulle gesigte bedek met Vuur...

51. sodat Allah elkeen vergoed volgens wat hy gedoen het. Allah is inderdaad vinnig met afrekening.

52. Hierdie is 'n boodskap vir die mensdom, sodat hulle daaruit 'n les sal leer en daardeur gewaarsku kan word, en sodat hulle kan weet dat Hy Een God is, en sodat die mense met begrip hierdie raad kan aanneem.

Mag Allah ook in ons harte gee dat ons uit wat ons in hierdie hoofstuk gelees het sal glo dat Hy Enig is en dat ons die raad en advies sal aanneem.

Amen